




FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Prof Gerhard Lubbe

Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid

DIE FAKULTEIT REGSGELEERDHEID se voorgraadse sukseskoers is reeds naby die Universiteit se teiken van 84% vir 2015 (kyk “Transformasiemikpunte”, bl. 7). Met ’n verfyning van ons keuringsbeleid en met die voortsetting van ons spesiale ondersteuningsprogram vir studente wat probleme in struikelmodules ervaar tydens die eerste jaar, beweeg ons nog nader aan hierdie teiken. Die voortgaande hersiening van die LLB-kurrikulum – onder meer met die oog op modules gerig op akademiese geletterdheid en, waar nodig, taal-, skryf-, navorsings- en selfs syfervaardighede – en die voorgenome herinstelling van die verlengde graadprogram sal help om ook die ander transformasiemikpunte vir 2015 te verwesenlik.

Alhoewel die verhouding van 60:40 tussen voorgraadse en nagraadse studente teen 2015 nie noodwendig vir die Fakulteit haalbaar is nie, is die uitgangspunt dat die aantal navorsingsmagister- en doktorsale studente wesenlik verhoog kan word. Die aktiwiteite van die SARChI-navorsingsleerstoel in Sakereg, die Oppenheimer-leerstoel vir Menseregte asook die OSP-projek Bekamping van Armoede, Dakloosheid en Sosio-Ekonomiese Kwesbaarheid ingevolge die Grondwet het gedurende 2009 reeds nagraadse studente na die Fakulteit getrek en die SARChI-navorsingsleerstoel het reeds twee doktorsale en drie magisterstudente gelewer. Die vestiging van die sogenaamde kort prosedure (*registrasie op grond van ’n voorlopige onderwerp met ’n studieleier, maar sonder ’n volledige navorsingsvoorstel*) vergemaklik toegang tot nagraadse studie. Geteikende finansiële ondersteuning aan nagraadse studente deur die aanwending van balansfondse en die dekaansfonds het in 2009 aandag geniet.

Die bogenoemde OSP-projek onder leiding van proff Andre van der Walt en Sandra Liebenberg is in volle gang. Met die oog op die integrering van die Oppenheimer-leerstoel vir Menseregte in die projek is die grondvloer van die CL Marais-biblioteek op fakulteitskoste heringerig om prof Liebenberg te huisves en werkstasies vir nagraadse studente en ’n seminaarruimte beskikbaar te stel. Afgesien van ’n klem op die studieleiding aan nagraadse studente, dien die projek as stimulus vir navorsingsuitsette van die deelnemers daaraan. Die Regshulpkliniek is aktief betrokke by die OSP-projek en bedien nagenoeg 5 000 kliënte in Stellenbosch, Klapmuts, Franschhoek en Ceres. Van belang is veral die Kliniek se rol in verband met gronduitsettingslitigasie en die sluit van ’n ooreenkoms met die Norwegian Centre for Human Rights en Regslui vir Menseregte vir

die beskikbaarstelling van fondse met die oog op die daarstel van toetssake in hierdie verband.

’n Werksessie oor gronduitsettings is gedurende Augustus in die CL Marais-biblioteek aangebied. ’n Werksessie *Mixed jurisdictions as models: Perspectives from Southern Africa and beyond*, in Mei 2009 aangebied in samewerking met die *International Academy for Legal Science* en die *World Society of Mixed Jurisdiction Jurists*, asook die voortgesette verhouding met die *Jus Commune Onderzoekschool* van die universiteite van Maastricht, Utrecht, Leuven en Amsterdam, bevestig die internasionale navorsingsprofiel van die Fakulteit.

Die Fakulteit se keuringsbeleid skep die geleentheid om die persentasie voorgraadse swart, bruin en Indiërstudente van die huidige 24% tot die geprojekteerde 34% teen 2015 op te stoot. Groter fakulteitsbetrokkenheid by werwingspogings deur skakeling met studente aan wie universiteitswerwingsbeurse aangebied word en die konsolidasie van die Stonehage-eerstejaarsbeursskema, ingevolge waarvan R240 000 per jaar op ’n gelyke basis deur die *Stonehage Charitable Trust* en die Fakulteit beskikbaar gestel word, het in 2009 ’n belangrike rol gespeel ter bereiking van hierdie oogmerk.

Akademiese sukses hou ook verband met finansiële sekerheid en gedurende 2009 het beurse vir senior studente, verskaf deur regsfirmas en befondsing vanaf die Stonehage-groep in medewerking met die *Link-SA Trust* en die Amicus-fonds, ’n onmisbare bydrae gelewer. ’n Skenking van \$50 000 aan die Amicus-fonds vanaf die *Aall Foundation*, waarvan mnr Steve Georgala, Hoof Uitvoerende Beamppte van die Maitland-groep, ’n trustee is, verdien besondere vermelding. Deur middel van gereelde klasreünies word gebou aan verhoudings met alumni en ’n geslaagde byeenkoms met oudstudente is in September in Londen gehou.

Veelvuldige strategieë word aangewend om die diversiteitsprofiel van die akademiese personeel te verbeter. Afgesien van die ontwikkeling van bestaande personele uit die aangewese groepe deur middel van opvolgingsbeplanning, speel die verbreding van die profiel deur middel van *Legacy*-befondsing ’n belangrike rol. Die SARChI-leerstoel skep die geleentheid vir die kultivering van eie studente met akademiese potensiaal.